STATE VS.
ELLIOT DUDUMASHE
& ANOTHER

STATE VS.

ELLIOT DUDUMASHE

& ANOTHER

U.D.J. 418 A.

Telegraphic Address } "MAGISTRATE."
Telegramadres

In reply please quote
Gelieve in u antwoord te verwys na

No. 5/5/2/7

UNION ... VAN SUID-AFRIKA.
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

MAGISTRATE'S OFFICE,
MAGISTRAATSKANTOOR,

CAPE TOWN,

6th March, 64.

JACK ...
9 MAR 1964
R ...

Messrs. Jack Kudo and Co.,
Suite 1005,
Dumbarton House,
Cor. Adderley and Church Streets,
CAPE TOWN.

Gentlemen,

re: THE STATE VERSUS ELLIOT DUDUMASHE AND ANOTHER

With reference to your letter JK/GET of the 19th February, 1964, I enclose herewith further particulars as requested by you.

Yours faithfully,

SENIOR PUBLIC PROSECUTOR.

/SO

IN THE REGIONAL COURT FOR THE CAPE PENINSULA

HELD AT CAPE TOWN

THE STATE

versus

ELLIOT DUDUMASHE AND ANOTHER

---

FURTHER PARTICULARS

Ad 1:

It is alleged that each separate accused became a member of P.A.C. by virtue of his performing any one or more of the following acts:

(a) Attended meetings of the said organization;

(b) Advocated or encouraged the promotion of the purposes of the said organization.

The exact time or period, as requested, is to the prosecutor unknown. See the period mentioned in Count 2.

The place was at or in the near vicinity of the Rotunda Hotel, Camps Bay.

As to the manner in which it is alleged that each separate accused manifested himself of the said organization, please see the allegations at the end of Count 2.

Ad 2:

The accused are charged jointly by virtue of the fact that it is alleged that the accused committed the offences at the same place and/or at the same or approximately the same time. See particulars Ad 1.

REGIONAL COURT

1177

them. He carried on and I went to C Block. When I got to C Block there was nobody with the exception of a boy and I asked him were my trousers were and he said he did not know, so I turned back and went home.

1. What did you do when you got home ? -- I went to bed.

2. Did you ever leave your place that night ? -- No.

3. Were you on any march to town or any march of any kind ? -- No.

4. Have you ever been a member of a political organisation ? -- No, but I have been told about this movement.

5. Have you ever been in trouble before ? -- No.

EXAMINED BY MR. ROGERS: No questions.

6. KRUISVERHOOR DEUR MNR. TRAUT: Het jy al van Poqo gehoor ? -- Ja.

7. Waar het jy daarvan gehoor ? -- 'n Persoon wie my gevra het om aan te sluit.

8. Wie is die persoon ? -- Hy het gesê sy naam is Lizo

9. Jy het toe nooit aangesluit nie ? -- Ek het gesê hy kan maar loop want ek verstaan nog nie mooi waarvan hy praat nie.

10. Is daar enige ander persone wat jy geken het wat jy weet het wel aangesluit by Poqo ? -- Nee, ek ken niemand nie.

11. Ek wil jou verwys na jou verklaring wat ingehandig is by die hof (bewysstuk A) wat jy gemaak het aan speurder-sers. Vermeulen by die tronk in die Kaap. Daarin het jy vir hom gesê jy is 'n lid van Poqo en jy het aangesluit jy dink in 1961 ? -- Ek het nie so gesê nie. Hy het nie met my daaroor gepraat nie.

12. Het hy gladnie met jou daaroor gepraat nie ? -- Hy het my gevra waar ek werk en die nommer van my huis.

1. Is dit al ? Niks verder ? -- Ja.

2. Weet jy van enige persone in die lokasie wat te enige tyd gedreig was deur ander mense ? -- Nee, buiten die mense wat nou die ander mense so rondgejaag het.

3. Het jy nie saam gehardloop nie ? -- Ek het.

4. Waarheen het jy gehardloop ? -- Ek het dwarsdeur die bos gehardloop.

5. Het jy geweet waarvoor die mense gejaag word ? -- Ek het nie geweet nie maar ek het die wapens gesien.

6. Het hulle jou uit jou kamer uit kom jaag ? -- Nee, ek was buitekant.

7. Hoe ver van jou af het hulle gehardloop toe jy hulle gesien het vir die eerste keer ? -- Ek sou sê van hier af tot by die hotel of miskien 'n bietjie verder as die hotel - omtrent 40 treë.

8. Was hulle toe by jou plek al verby ? -- Nee, hulle was nog aan die aankom.

9. Het jy enige van die mense geken wat daar gehardloop het ? -- Nee.

10. Maar hoekom hardloop jy dan toe weg ? -- Ek weet nie wie almal gejaag sal word want ek sien die mense dra sabels.

11. Wie bly saam met jou daar in D 36 ? -- My twee broers en nog 'n man met die naam van Miya.

12. Woon enige van die beskuldigdes hier voor die hof saam met jou ? -- Nee.

13. Weet jy van enige vergadering wat/die aand daar was in die omgewing van jou woning D 36 ? -- Ek het nie 'n vergadering gesien nie.

14. Jy het gladnie gesien nie ? -- Gladnie.

15. Dit is nou nadat jy terug gekom het uit die bosse uit ? --- Toe ek terugkom was daar toe nie 'n vergadering nie.

16. Was dit omtrent 12 uur die nag wat jy terugkom ? --

1179

Ja.

1. Was alles doodstil daar in die lokasie ? -- Toe ek terugkom was dit stil maar party van die huise se ligte het nog gebrand. In my huis het die ligte nie gebrand nie.

2. Van 12 uur af het jy gebly by D 36 ? -- Ek het toe gaan slaap.

3. Niemand het jou gehinder daardie nag nie ? -- Nee.

4. Jy het gehoor wat Szandisile hier gesê het ? -- Ek ken hom nie.

5. Hy sê jy het die groot vergadering bygewoon daardie aand ? -- Hy lieg.

6. Lieg hy in alles wat hy sê ? -- As hy oor my praat ja, dan lieg hy.

7. Selfs waar hy sê dat hy saam met jou geloop het tot by die trenk - jy het by hom geloop - hy het jou gesien by die trenk ? -- Nee, hy lieg.

8. Hy sê ook dat by 'n laaste vergadering hy langs aan jou gesit het ? -- Dit is nie so nie.

9. Ken jy Ndala ? -- Ek sien die persoon hier in die hof vir die eerste keer.

10. Jy het gehoor dat Ndala sê dat hy 'n Poqo vergadering saam met jou bygewoon ? -- Ek hoor dat hy so sê.

11. Is dit waar ? -- Hy lieg.

12. Hy sê ook dat jy vir hom gesê het dat hy vir hom 'n skerp yster moet kry ? -- Hy lieg.

13. Ndala sê hyself was 'n Poqo lid gewees en jy was sy leier ? -- Ndala lieg as hy oor my praat.

14. Jy onthou alles wat Ndala hier gesê het ? -- Nie alles nie.

15. Jy het gehoor wat hy gesê het ? En al wat hy van jou gesê het, lieg hy ? -- Hy is 'n leuenaar.

1. Watter klere het jy daardie aand aangehad ? -- Ek het die baadjie aangehad en die khaki broek wat ek aan het en 'n swart hemp.

2. En daardie serp wat jy daar aan het ? -- Nee, ek het die serp nie aangehad nie.

3. Het jy 'n oorpak ? -- Ek het een maar ek het hom nie daardie aand aangehad nie.

4. Ken jy vir James Boya ? -- Nee, ek sien hom ook hier vir die eerste keer.

5. Hy sê ook jy was sy Poqo leier gewees ? -- Hy lieg.

6. Hy sê hy het al vergaderings in jou huis bygewoon ? -- Hy was nog nooit in my huis nie.

7. En dat jy vir hom kom roep het na die vergaderings toe ? -- Dit is nie waar nie.

8. En dat jy gesê het dat hulle moet wapens aanskaf ? -- Dit is nie so nie.

9. Ken jy vir Griffiths Makara ? -- Nee.

10. Hy het hier getuig, onthou jy hom ? -- Nee, ek onthou hom nie.

11. Hy sê jy het voor sy kamer se deur gestaan en julle twee het saamgewerk, ken jy hom gladnie ? -- Waar?

12. By Rembrandt ? -- Ja, nou onthou ek dat hy hier so gesê het

13. DEUR DIE HOF: Hy onthou dit nou, maar ken hy hom ? -- Nee, ek ken hom nie.

14. Het hulle nie saamgewerk by Rembrandt nie ? -- Nee.

15 Deur mnr. Trant (verv.)
DEUR MNR. MERAUTR (Vrv.) Hy sê dat jy 'n 2½ voet plat yster by jou gehad ? -- Hy lieg.

16. Hy sê jy het vir hom gesê hy moet opstaan julle gaan dorp toe loop ? -- Daar is nie so iets nie.

17. So al die mense lieg ? -- Hy lieg ja.

18. Ken jy vir Ranfit Gobile ? -- Nee, Ek sien hom ook

**NULALELA (Beskuldigde Nr.4) Beëdig verklaar -**

1. Is dit die brug naby die tronk? -- Nee nie die een by die tronk nie.

2. Is dit miskien die een in Lady Greystraat? -- Nee ~~ek~~ MAAR DIT IS BUITERANT DIE DORP ~~maarhditnie buitekantedinidorp.~~

3. Hierdie Dickson, het jy hom die aand toe julle bymekaar gekom het ook gesien? -- Nee ek het hom nie daar gesien nie.

4. Sê my, weet jy of die mense wat daar bymekaar gekom het om te gaan kla, of hulle wapens gehad het? -- Ek het nie gesien dat hulle wapens het nie.

5. Nie een nie? -- Nie wat ek gesien het nie.

6. En jyself, wat het jy gehad? -- Die man wat my kom wakker maak het, het gesê ek moet my byl saamneem en ek het my byl gevat.

7. En het jy dit oop gedra in jou hand? -- Ja, maar toe die mense sê hulle gaan kla toe draai ek om om die byl te gaan neersit.

8. Wat het jy dan gedink jy moes gaan maak? -- Die manne het my bang gemaak hulle het gesê ek moet nie my byl agter laat nie.

9. Het hulle gesê jy moet dit nie agter laat nie? -- Nee hulle het gesê ek moet dit nie saamvat nie.

10. En wat het jy toe gemaak met die byl, het jy dit terug geneem huistoe? -- Ja.

11. En het jy nie later uitgewys vir een of ander Speurder waar jy dit neergesit het nie? -- Nee.

[illegible] ...oop het, het enige persoon

12. Toe [illegible] ...praat toe julle byeengekom het? -- Daar ~~ge~~ ~~[illegible]~~ Iemand gepraat hy het gesê, manne ons word aangerand, ons gaan nou kla.

13. Wie is die persoon? -- Ek ken hom nie.

4. As dit iemand was wat jy voorheen geken het, dan sou jy sy naam geweet het? -- Ja.

**[illegible] (Beskuldigde Nr.4) Beëdig verklaar** -

1. **KRUISVERHOOR DEUR MNR. TRAUT/Vervolg** --- Want jy sou hom gesien het aan sy gesig? --- Ja.

2. So dit was lig genoeg daar gewees om mense wat jy ken uit te ken? --- Ja, as hy langs my was mag ek hom gesien het.

3. Die man wat gepraat het, gesê het julle moet gaan kla, waar het hy gestaan? --- Hy het tussen die groep mense gestaan.

4. Tussen die groep, nie langs jou nie? --- Nee.

5. Nou, wie het op die ou end gesê julle moet nou loop? --- Ek het maar net stemme van mense wat sê kom ons loop, gehoor.

6. Nou, toe het julle almal saamgeloop? --- Ja.

7. En het niemand julle enigsins gedreig om te loop nie? --- Nee.

8. Julle het almal uit julle vrywil gegaan om te gaan kla? --- Nee.

9. Kan jy vir my sê hoe julle geloop het in die dal terug? --- In die rigting van die treinspoor.

10. En? --- Al langs die treinspoor.

11. Al langs die treinspoor? --- Ons het toe die spoor gekruis en geloop tot by die Dal brug.

12. En daar het julle toe besluit om in twee groepe te verdeel en te gaan kla? --- Ek het nie gesien dat ons in twee verdeel is nie, ons het net oor die brug geloop.

13. En toe julle naby die dorp kom, naby die Garages, wat het julle toe daar gedoen? --- Ek het nie gesien wat gebeur nie.

14. Het jy enigiets gehoor daar, ges[illegible] [illegible]se wat nie by julle [illegible] of enige petrol-pompe brand? --- Nee.

[illegible]. Het jy gesien of enige mense karre stukkend geslaan het? --- Nee.

17. En tog was jy al die tyd by daardie groep gewees? --- Ons was baie, ek het nie gesien wat hulle doen nie.

18. Maar jy het ook niks gehoor, 'n geraas nie? --- Nee.

NULALELA (Beskuldigde Nr.4) Beëdig verklaar -

1. KRUISVERHOOR DEUR MNR TRAUT/Vervolg ... Jy het niks mense toe daar langs die pad gesien nie met kieries en sabels en sulke goed nie? -- Nee.

2. Hoe na aan die stasie het jy gekom met die groep? -- Ek weet nie, ek weet ook nie waar die Polisie-stasie is nie.

3. O, jy weet nie waar die Polisie-stasie is nie? -- Nee.

4. Weet jy waar O.K. is? -- Nee.

5. Jy ken gladnie die Paarl nie? -- Ek kom nie verder as Britanje Stores nie.

6. Nou, het jy ten enige tye gehoor dat daar geskiet word, behalwe uit die vang-waens uit? -- Nee.

7. Daar was nooit geskiet nie? -- Nee.

8. Selfs ook nie naby die tronk nie? -- Nee.

9. Nou kyk ek wil nou net verwys na die verklaring wat jy aan Sersant Vermeulen gemaak het - die Hof het nou al klaar begin met hierdie verklaring toe die dreigemente gemaak is. Ek wil nou nie ingaan op die kwessie of daar dreigemente was om die verklaring te maak nie? -- Nee.

10. Toe Sersant Vermeulen jou nou uitvra omtrent daardie aand se dinge, het jy vir hom die waarheid vertel? -- Hy het my gevra waar ek werk en ek het vir hom gesê waar ek werk.

11. Hy het toe ook 'n klompie ander vrae gevra? -- Nee.

12. Het hy niks ander vrae gevra n[illegible] ...nee.

13. Nou k[illegible] ...ening onder op daardie plaat?

14. Nou, onthou jy toe jy jou handtekening daaraan gebring het? -- Ja.

15. Was dit nou na jy jou storie vertel het vir die Sersant? -- Die enigste ding wat hy my gevra het is waar werk jy.

16. Het jy toe vir hom gesê waar jy werk - het jy toe hom gesê jy is 'n Boiler Attnedent? -- *Ek het gesê dat ek met die Boiler werk.*

NULALELA (Beskuldigde Nr.4) Beëdig verklaar -

1. KRUISVERHOOR DEUR MNR TRAUT/Vervolg ... Nouja kyk ek sal vir jou lees wat Sersant hier neergeskryf het wat jy vir hom gesê het. Nou moet jy net sê of dit waar was en of hy dit uit sy duim gesuig het. Jy sê ek was arresteer in die Paarl op die 23ste November, 1962. Is dit reg was jy toe ge-arresteer? — Ek was ge-arresteer, hy het my dit nie gevra nie.

2. Is dit reg die datum daar? — Ja.

3. Jy sê ek het gelê en slaap in my kamer toe jy ge-arresteer was? — Dit is reg.

4. Baie ander Bantoes was ook daardie dag gevang is dit reg? — Ja.

5. Jy sê daar het ~~daar Nagbine~~ DAAR HET 'N BANTOE Bantoe man na my toe gekom die nag van 21/22 November 1962 - dit is ook reg soos jy netnou gesê het? — Dit is die waarheid ja.

6. Het jy toe so vir die Sersant gesê? — Nee ek het hom nie gesê.

7. Waar hoor die Sersant dit dan? — Hy het na my verklaring gekyk toe hy skryf.

8. Ja maar waar kom die verklaring vandaan? — Dit is 'n verklaring wat ek hier in die Paarl gemaak het, ek sien toe ook dat dit die verklaring is.

9. Maar hoekom het jy hierdie verklaring geteken? Hy het gesê ek moet teken.

10. Het hy dit afgeskryf van 'n ander verklaring?en— Ja VOOR GELEES VIR JOU ~~[illegible]~~? — Ja.hy het dit nie oorgelees nie.

11. Hier staan ook geskrywe dat die Bantoe man het vir my gesê ek moet opstaan en aantrek sodat ons na die Polisiestasie toe kan gaan om te gaan pleit. Om te gaan baklei? — Ek het nie so gesê nie.

12. Waar, kom dit ook van die ander verklaring af? Ek weet nie.

**NULALELA - (Beskuldigde No.4) Beedigde verklaring -**

1. **KRUISVERHOOR DEUR MNR TRAUT/Vervolg** ... Kyk jy sê ook jy het 'n byl gehad want die man wat jou kom wakker maak het het gesê jy moet 'n byl vat.

2. Hoe het jy die aand weer by die huis gekom?- nadat jy weggehardloop het hier? — Ek het eers die trein gevat in die Bo Paarl.

3. Bo Paarl dit was hier in die nag? — Nee dit was in die dag.

4. Hoe laat? — Ek weet nie Edelagbare dit was in die dag 12 of 1 uur.v.m.

5. Waar het jy dan heengegaan nadat jy weggehardloop het ? — Ek het gehardloop al langs die rivier, en toe het ek in die bos ingehardloop en daar het ek toe gebly - toe is dit al lig.

6. En toe, toe dit al lig was? — En toe dit nou dag was toe gaan ek uit en het 'n trein gaan vang.

7. Ja maar toe was dit mos nie 12 uur in die dag nie? Ek weet nie Edelagbare, maar die son was al hoog.

8. Was dit nog voordat die mense gewoonlik begin werk? — Dit was lank na die ure wat ek begin werk.

9. Hoe laat begin jy dan werk? — Sewe uur.

10. En wie het saam met jou in die trein gery? — Nee ek was alleen.

11. Het jy vir Boya daar gesien? — Nee.

12. Sê vir my het jy vir die Speurder Sersant Basson gewys waar jy jou byl die eerste keer gekoop het? — Ek het die winkel uitgewys.

13. En toe wat het jy hom nog uitgewys omtrent die byl? — Daar is niks anders verder nie.

14. Sê vir my ken jy vir Redgie Mgweba? — Ja. (To ...)

Starts at 775

(722)

ACCUSED NO. 7

Upon Resuming at 2.15 p.m.

PERCIVAL PETER (Accused No. 7) sworn, states.

1. EXAMINED BY MR. GIBSON: How old are you ? -- 33.

2. How long have you lived in Paarl ? -- Since 1955.

3. Where have you worked in Paarl ? -- Berg River Textiles.

4. The whole time ? -- Yes.

5. Have you ever been on any trouble before ? -- No.

6. Have you ever belonged to a political organisation ?-- No.

7. Do you remember the 21st November of last year, the night of the riots ? -- Yes.

8. Were you working that day ? -- Yes.

9. When did you stop work ? -- Quarter past five p.m.

10. Did you then go home ? -- Yes, to my room.

11. When did you arrive home ? -- I don't know quite what time it was when I got home.

12. BY THE COURT: Where is his room ? -- C26 in Mbequeni Location.

13. BY MR. GIBSON (Cont.): Were you in C26 all the time until your arrest ? -- Yes.

14. Did you go home by bus or walk home ? -- By bus.

15. What happened after you got home ? -- I first prepared some food when I got home in the kitchen. Whilst in the kitchen I saw a crowd of people running from Block B coming towards C Block and I also saw people from C running towards D. Some passed the kitchen where I was and I started running because I didn't know why they were running. These people from B Block I noticed were carrying axes and swords, so I also started running.

16. The people who were running away, with whom you went, did they also have weapons ? -- No.

17. Then what did you do ? -- I then ran into the bush.

1 T 8 7

I stayed there for about half an hour. From the bush I came back to the kitchen where I was cooking.

1. Why did you come back ? -- Because the people had stopped chasing people.

2. You came back to the kitchen, then what happend ? -- I then had supper.

3. Did you then go to bed ? -- Yes.

4. Then later something happend ? -- Yes.

5. And what was that ? -- Late that night people knocked at the window. I woke up and asked who were they and they said get up and get dressed. I got up and got dressed, I walked outside and said to them what was wrong. They said, "Come on, let us go and complain at the police station".

6. Did they say about what ? -- Because these people who are chasing, surround them, are leaving us unsettled. I then joined them and walked with them.

7. In what direction ? -- We first walked from Mbequeni to the bus stop.

8. Did you at any time go to this meeting at the lavatories ? -- No.

9. When you joined the people, what were they doing precisely ? -- I walked away with these people outside and joined others. We came into town.

10. Were they already walking when you joined the crowd ? -- They were standing waiting.

11. BY THE COURT: Where ? -- Outside the house.

12. Which house ? -- In front of my house.

13. All the people ? -- Yes, M'Lord.

14. BY MR. GIBSON (Cont.) You then left there and went towards town, please explain the route that you took ? -- We went to the bus stop. Then we walked all along the railway line. We later crossed the railway line and we

went towards Dal Bridge.

1. How big was this group ? -- I'll say 18 to 20 people. We crossed the Dal Bridge and we walked up and we met the Main Road from Onder Paarl.

2. That's Main Street ? -- Yes.

3. Did anyone branch off from the Bridge to go in any other direction ? -- No, we did not separate.

4. All of you then went up in the direction of Main Street ?-- Yes.

5. Carry on from there, what happened in the Main Street ? -- When we just got in sight of the O.K. Bazaars, I heard the shot of a gun.

6. One shot or more ? -- Two shots.

7. Yes ? -- Then I ran away.

8. Did you see anything of any incident with shooting ? -- I saw police firing from the Police Station. I then ran round a church and I ran down that street towards the river. I walked all along up the river till I got to the bush. There I sat for a short while. Then from there I walked to the station.

9. Which station ? -- Paarl Station.

10. Then ? -- There I caught a train as far as Mbequeni and I went back to my room.

11. When you say Paarl Station, where is that situated ? -- Bo Paarl .

12. Suider Paarl ? -- Yes.

13. Did you then go home ? -- I went to my room, yes.

14. What did you do in your room ? -- I then prepared some food. There I stayed until about sunset. Then again I saw a crowd of people coming from B Block. I then ran and went and hid in the bush. I stayed there the whole night until the next morning.

1 1 8 9

1. When were you arrested ? -- Friday, I was arrested.

EXAMINED BY MR. ROGERS. No questions.

2. KRUISVERHOOR DEUR MNR. TRAUT: Het jy toe jy in die lokasie gewoon het ooit gehoor van Poqo ? -- Nee.

3. Het niemand daarvan gepraat nie ? -- Nee, die eerste keer wat ek daarvan gehoor het was van die speurders.

4. Dit is nadat jy gevang is ? -- Ja.

5. Het jy ooit gesien dat enige persoon gedreig word daar in die lokasie ? -- Nee.

6. Niemand het nog ooit vir jou gedreig nie ? -- Nee.

7. Hoe laat omtrent het julle bymekaar gekom daar van waar julle geloop het in die lokasie ? Hoe laat het jy daar gekom ? -- Dit was laat in die aand, ek kan nie sê watter tyd nie.

8. Het jy al geslaap voor dit ? -- Ja.

9. Waar omtrent het julle bymekaar gekom ? -- Voor my huis.

10. Watter nommer ? -- C26.

11. Het jy enige ander groepe mense daar bymekaar gesien ? -- Nee, buiten die mense wat voor die huis gestaan het.

12. Verder was dit doodstil in die lokasie ? -- Ja, dit was stil.

13. Hoe groot was daardie groep toe jy daar by hulle aansluit ? -- Soos ek gesê het, 18 of 20.

14. Het niemand van hulle omgedraai nie ? -- Ek het nie gesien dat iemand omdraai nie.

15 Het geen een julle gedreig om te loop nie ? -- Nee.

16. Het jy enigiets saam met jou geneem van jou kamer af ? -- Ja, ek het.

17. Wat het jy geneem ? -- So'n kort stukkie stok.

18. Hoekom het jy dit saamgeneem ? -- Omdat dit donker was.

1190

1. Het enigeen van die ander persone wat jy daargesien het, stokke, kieries of wapens by hulle gehad ? -- Die mense wie ek saam geloop het, het kieries gedra.

2. Almal van hulle ? -- Ja.

3. Was julle bang vir enigiets gewees ? -- Ek was nie bang nie.

4. Hoekom neem jy toe 'n kierie saam ? -- Ek het die kierie gedra om myself te help. Jy weet nooit wat ek sal teëkom nie.

5. Hoekom het jy eintlik polisiestasie toe gegaan ? Wat wou jy daar gemaak het ? -- Ek wou kla.

6. Was jy ontevrede oor enigiets gewees ? -- Ja, ek was.

7. Waaroor was jy ontevrede ? -- Omdat die mense altyd vir ons daar rondgejaag het.

8. Weet jy of die ander mense oor dieselfde ding gaan kla het ? -- Ja.

9. Toe julle nou op pad is - jy sê julle is oor die Dalbrug ? -- Ja.

10. En daarna tot in die "Main Road" ? -- Ja.

11. En van daar af reguit met die straat af tot by die O.K. Bazaars ? -- Ja.

12. Het jy enige moeilikheid gesien by die polisiestasie voor julle daar aangekom het ? -- Ek het nie moeilikheid gesien nie.

13. Julle het verby geloop by die garages, nie waarnnie ? -- Ek het nie notisie geneem nie.

14 Jy weet daar is garages voor jy by die polisiestasie kom ? -- Ek onthou nie, want dit is die eerste keer dat ek in daardie straat geloop het.

15. Het jy langs die pad voor jy by die O.K. Bazaars gekom het, enige motorkarre gesien wat beskadig is ? -- Nee, ek het nie gesien nie.

1. Het jy gesien of enige van die mense wat saam met jou was motorkarre stukkend geslaan het ? -- Nee.

2. Het jy gesien of daar by enige garage petrolpompe gebrand het of 'n vuur was, enige plek ? -- Ek het geen vuur gesien nie.

3. Daar waar julle geloop het van die lokasie na Dalbrug toe, langs die treinspoor, het daar 'n trein by julle verby gegaan ? -- Ek het nie 'n trein gesien nie.

4. Die skote wat jy gehoor het by die polisiestasie, is dit die eerste wat jy gehoor het daardie aand ? -- Ja.

5. Geen ander nie ? Ook nie daarna weer nie ? -- Na ek weggehardloop het, het ek nie weer gehoor nie.

6. Het die skoot gekom van die polisiestasie self af ? -- Ja, direk van die polisiestasie.

7. Toe die speurders jou nou gevra het oor hierdie aand, het jy met sers. Vermeulen gepraat ? Het jy vir hom vertel wat aangegaan het daardie aand ? -- Nee, hy het my net gevra wie ek is en waar werk ek asook my werksnommer.

8. Voor daardie geleentheid waar sers. Vermeulen met jou gepraat het in die Kaap, het enige ander polisieman 'n verklaring van jou geneem ? -- Ja, hier in die Paarl.

9. Nie by Worcester nie ? -- Asook by Worcester.

10. Wat het jy vir die man vertel in die Kaap behalwe jou nommer en naam en so aan, Niks verder vertel nie ? -- Niks verder nie.

HOF: DIE HOF word aan mnr. Traut gevra of die verklaring voor die hof is?

MNR. TRAUT spreek die Hof toe.

MNR. GIBSON MAAK BESWAAR TEEN DIE INHOUD VAN DIE VERKLARING EN DIE FEIT DAT DAAR NIE KRUISGEVRA KAN WORD OOR 'N VERKLARING WAT NIE TOELAATBAAR IS NIE.

MNR. TRAUT spreek die Hof toe.

DIE HOF weier mnr. TRAUT se aansoek.

1. DEUR MNR. TRAUT (Verv.) Jy Sê jy is nie 'n lid van Poqo nie. Het jy ooit enige vergaderings bygewoon ? -- Nee.

2. Jy het gehoor wat Szandisele Makhaphela hier gesê het voor die hof ? - Ek het, ja.

3. Hy sê jy was wel by so'n vergadering gewees ? -- Hy maak 'n groot fout.

4. Onder watter ander name is jy bekend onder jou vriende ? -- Hulle noem my ook partykeer Myira.

5. Soos ek verstaan het Szandisele ook gesê hy ken jou onder daardie naam ? -- Hy ken my nie maar hy mag hoor as iemand anders my noem by daardie naam.

6. Hy is reg dan minstens waar hy daardie naam vir jou gebruik ? -- Maar hy het nie in die hof gesê Myira nie.

7. DEUR DIE HOF : Ek kan onthou dat hy wel daargesê het ? -- Hy het gesê Nyira nie Myira nie.

8. DEUR MNR. TRAUT (Verv.) Hy sê ook dat hy jou gesien het by die Dalbrug ? -- Hy is verkeerd.

9. Maar het jou groep dan nie ook oor die Dalbrug gegaan nie ? -- Ek het, ja.

10. So, jou groep het oor die Dalbrug gegaan ? -- Ja.

11. DEUR DIE HOF: Waarom kon hy jou nie daar gesien het nie ? -- Omdat ek hom gesien het vir die eerste keer in die hof.

12. Ken jy die ander wat in jou groep is ? Wie was in jou groep ? -- Ek ken hulle nie.

13. Hoe weet jy Makhaphela was nie daar nie ? -- Hy kon maar net gesê het dat ek daar was omdat hy die naam gehoor het.

14. Dit is wat hy gesê het, dat hy jou gesien het ? -- Ek sê Makhaphela is verkeerd.

1. Jy sê jy is wel oor die Dalbrug ? -- Ja, ek is oor die brug.

2. DEUR MNR. TRAUT (Verv.) Hy kon jou gesien het daar by die Dalbrug ? -- Ek weet nie.

3. Jy het vir Boya ook hier gesien - was hy ook een van die mense wat oor die Dalbrug gegaan het ? -- Ek weet nie. Ek sien hom ook vir die eerste keer hierso.

4. Boya sê ook dat jy saam met sy groep oor die brug is ? -- Ek het hom vir die eerste keer gesien hier in die hof.

5. Weet jy van enige ander groepe wat die nag ook nog Paarl toe gekom het ? -- Ek weet nie. Ek weet net van die groep met wie ek gekom het.

6. Boya het ook gesê dat jy by die rivier gesit het naby die tronk ? -- Hy maak 'n fout.

7. Het jy enige plek gesit langs die rivier ? -- Nee, my eerste plek waar ek gaan sit het was in die bos.

8. In die bos self ? -- Ja.

9. Hoe ver is die bos van die rivier af ? -- Daar by die K.W.V.

10. DEUR DIE HOF: Hoe ver van die rivier af ? -- Nee, daar was 'n rivier ~~[illegible]~~ wat aan die bos geloop het, waar ek gesit het.

11. DEUR MNR. TRAUT (Verv.) Boya sê hy het jou daar gesien sit ? -- Die eerste plek waar ek gaan sit het was by die bos by die rivier. Ek was alleen.

12. Hy sê hy het jou gesien ? -- Daar was niemand daar nie. Ek was alleen.

13. Het jy alleen soontoe weggehardloop ? -- Ek was alleen.

14. Jonge sê - jy het gehoor wat hy hier sê - dat jy saam met hom vergadering bygewoon ? -- Ek het hom glad nie

gesien nie.

1. DEUR DIE HOF: Het jy Nkawana Jange gesien ? -- Hier het ek hom ook vir die eerste keer gesien, u edelagbare.

2. DEUR. MNR. TRAUT (Verv.) Het jy enige klippe gegooi by die polisiestasie ? -- Nee.

3. Hoekom het die mense dan begin skiet by die polisiestadie ? -- Ek weet nie.

4. Het hulle sommer begin skiet sonder dat julle enigiets gedoen het ? -- Ons was nog op/ pad soontoe, toe hulle skiet.

5. Maar jy was al by die O.K. Bazaars verby ? -- Ons was net by die O.K. Bazaar.

6. En dit is toe dat die polisie skiet ? -- Ja.

7. DEUR DIE HOF : Waarheen het hulle gehardloop toe hulle hoor die polisie skiet ? -- Ek het alleen weggehardloop. Die kant toe na waar die kerk staan.

8. En die ander ? -- Ek het nie gekyk waar hulle hardloop nie.

9. DEUR MNR. TRAUT (Verv.) Jange sê hy onthou jou goed want hy het langs jou geloop op pad na die polisiestasie ? -- Ek sê dat ek Jange hier vir die eerste keer in die hof gesien.

10. Kon Jange in daardie groep gewees het ? -- Ek weet nie.

11. Ken jy enige van daardie mense wat by die groep was ? -- Nee.

12. Jy ken hulle nie ? -- Nee

13. Jy het gehoor dat speurder-sers. Niehaus hier gesê het dat daar waar hy jou in die bos gearresteer het, daar was jou skoene nat ? -- My skoene was nie nat nie.

14. Jy ontken dat jou skoene nat was ? -- Ek sê my skoene was nie nat nie.

15. Daar waar jy in die bos gearresteer is - hoeveel mense was julle daar by mekaar ? -- Daar was drie van ons daarso.

1. DEUR DIE HOF: Waar is dit ? --
Mnr. Traut antwoord daar waar hy gearresteer is.

2. DEUR MNR. TRAUT (Verv) Het een van hulle weggehardloop ? -- Ja.

3. Weet jy hoekom hy weggehardloop het ? -- Hy het vir die polisie weggehardloop.

4. DEUR DIE HOF: Wie was hy ? -- Ek ken nie sy naam nie.

5. DEUR MNR. TRAUT (Verv). Het julle die nag daar geslaap voor die polisie julle gekry het ? -- Ja, ek en die man wat weggehardloop het, het daar geslaap.

6. Waar het die ander een vandaan gekom ? -- Toe ons hier langs die pad gestaan het, toe ontmoet ons vir hom.

7. Nr. 18, Joel Siduma, hy was nie saam met jou daar nie ? -- Ja, ons was saam.

8. Toe julle gearresteer is maar toe jy in die bos kom was jy alleen gewees ? -- Nee ek het alleen geloop.

9. Waar het jy dan vir hom gekry ? -- Ek het hom daardie oggend ontmoet daar waar ons gearresteer was.

10. DEUR DIE HOF: Was hy toe al in die bos ? -- Nee, u edelagbare, ek het nog langs die pad gestaan toe kom hy daaraan.

11. Is hulle toe saam na die bos toe ? -- Nee, ons was toe uit die bos uit. Ons het toe nie weer terug bos toe gegaan nie.

12. Waar het speurder-sers. Niehaus julle dan gearresteer ? -- In die pad het hy ons gearresteer.

13. Dit is nie wat hy hier vertel het nie ? -- Wat het hy dan gesê ?

14. Hy het gesê hy het julle daar in die bos gearresteer agter takke wat julle daar blykbaar gepak het, waar julle geslaap het die aand ? -- Dit is nie so nie.

1. En dat een van julle het weggehardloop ?-- Die man het weggehardloop toe ons in die pad gestaan het.

2. Dat jy en beskuldigde nr. 18 ook probeer weg hardloop het maar is gevang voordat hulle kon hardloop ? -- Nee, ons wou nie weghardloop nie.

3. Wat het jy vir die speurder gesê wat maak jy daar in die bos ? -- Ons het gesê dat ons vir mense weggehardloop het daar in die blokke.

4. Wat het julle dan in die pad gemaak dat julle nie in die bos was nie ? -- Ons het toe probeer huis toe kom.

5. DEUR MNR. GROENEWALD: As ek jou getuienis nou verstaan was dit dat die plan was dat julle gaan 'n klagte indien by die polisie ? -- Ja.

6. Wat was die klagte gewees ? -- Dat ons ongelukkig was deur die mense wat daar bly.

7. Wie gaan julle vir die polisie sê ? -- Die mense wat in Blok B bly.

8. Julle het gegaan om die polisie se beskerming te kry ? -- Ja.

9. Die persoon wat geskiet het, het jy hom gesien ? -- Ek het gesien.

10. Was hy in uniform ? -- Ja, die blou uniform.

11. Julle het nou 'n klomp vreedsame mense daaraangekom ? -- Ja.

12. Stil geloop ook ? -- Stil geloop.

13. Kan jy nou enige rede gee waarom die polisie julle nou mees skiet ? -- Ek wil graag self weet hoekom.

14. DEUR DIE HOF: Wie was die persoon wat jou by jou huis kom roep het ? -- Dit was maar net aan die venster geklop, u edelagbare. Ek het nie geweet wie dit is nie.

15. En toe jy uitgaan ? -- Toe ek uitkom, toe staan die mense voor die huis.

1. Toe sê jy "Wat is verkeerd" ? -- Ja, ek het gevra wat is verkeerd.

2. Toe sê iemand "Kom ons gaan kla by die polisiestasie ? -- Ja.

3. Wie was die persoon ? -- Ek kan nie sê wie dit was nie want dit was donker en almal het gepraat.

4. Kon jy nie een van daardie persone erken nie ? [redacted] Nee.

5. Nou by Dalbrug is dit lig ? -- Ek is nie seker of dit lig was of nie want ek kan nie meer onthou nie.

6. In die Hoofstraat is daar tog ligte ? -- Ja.

7. Wie het jy toe geken in jou groep ? -- Daar was niemand wat ek geken het nie.

8. Kon jy hulle goed sien ? -- In die dorp kon ek hulle goed sien.

9. Vind jy toe vir die eerste maal uit dat jy toe onder 'n klomp wild vreemde mense is ? -- Ja.

10. Jy het nie een geken nie ? -- Nee.

11. En hoe het julle nou gestap ? Almal bymekaar ?. -- Hier in die straat het ons so agter mekaar geloop in 'n ry.

12. Volgens jou getuienis was daar minder as wat daar hier vandag in die hof is (beskuldigdes) ? -- Ek sê dit was tussen 18 en 20 persone.

13. En hier is 21 persone ? -- Ja.

14. So daar was minder as wat hier persone is ? -- Ek skat maar net, u edelagbare, ek sal nie sê hulle was 21.

15. Kan jy nie tel nie [redacted] Ja.

16. Sou hy nou sê daar was meer persone die aand as wat daarnou hier in die hof is of minder ? -- Ek sou sê minder.

17. Minder as die beskuldigdes ? -- Ja.

1. Van daardie persone kan hy, behalwe homself, nie enige ander een onthou nie ? -- Nee.

2. Nog nooit van te vore gesien nie ? -- Nee.

3. Nog nooit gehoor van hulle nie ? -- Nee.

4. Die eerste keer die aand gesien ? -- Ja.

5. Het jy gesien dat enige van daardie persone klippe opgetel het ? -- Nee.

6. Nooit klippe gesien die aand nie ? -- Nee, ek het klippe nie gesien nie.

7. Het jy enige klagte self gehad ? -- Ja.

8. Wat was jou klagte ? -- Die mense in Blok B wat ons so ongelukkig laat bly.

9. Waarom moes hulle so laat in die aand gaan kla by die polisiestasie ? -- Omdat die mense wat ons daardie aand rondgejaag het, dit was eers ses uur daardie aand wat dit gebeur het.

10. Ja, maar toe het jy teruggekom en jy was vas aan die slaap ? -- Ja.

11. Niemand het jou toe gehinder terwyl jy slaap nie ? -- Ja, ek het daar geslaap maar ek was bang toe ek lê en slaap.

12. Maar alles ~~van~~ was stil in die lokasie het jy gesê ? -- Ja, maar ek het gelê want ek was nie rusteloos nie.

13. Maar kon dit nie maar wag tot die volgende môre om te gaan kla nie ? -- Ek weet nie, maar die mense het my daardie tyd kom wakker maak.

MNR. GIBSON: Geen vrae nie.

MNR. TRAUT: Geen vrae nie.

---

MCDONALD MGWEBA (Accused No. 8) Sworn, States.

1. EXAMINED BY MR. GIBSON: How long have you been in Paarl ? -- Since 1957. Where have you worked while you have been in Paarl.

At Rembrandt.

1. Where were you working at the time of the riot ? -- At E.K. Green's.

2. How old are you ? -- 29.

3. Now on the evening of the riot that is the 21st November, did you work that day ? -- No.

4. What were you doing ? -- I was at home doing nothing.

5. You were off shift as it were ? -- Yes.

6. Can you say what happened towards the evening of that day ? -- I saw people from B Block coming towards C Block chasing people. They came right to D Block. People started running and I also ran.

7. You yourself lived in D Block ? -- Yes.

8. What was your number ? -- D36.

9. You started running and ? -- I ran right through the bush.

10. Why did you run away ? -- I was afraid of these people because they were carrying swords.

11. How far did you run away ? -- Right through the bush I ran.

12. Where abouts is this ? -- This side of the Wellington Location.

13. How long did you stay in the bush ? -- At about 12 o'clock, it might have been a little later, I came back to my room.

14. Then what happened ? -- I passed D. Block and went to C Block and on my way to C Block I met another person.

15. Who was that ? -- Ntsongotshi

16. And ? -- He asked me where I was going and I told him I was going to C Block to fetch my trousers. He then said to me that they were going to go to the Police Station to lodge a complaint about the people who had been assaulting

**NULALELA (Beskuldigde Nr.4) Beëdig verklaar -** NULALELA -

1\. **KRUISVERHOOR DEUR MNR. TRAUT/Vervolg** ... Hoe vèr van hulle af was jy voor jy hulle gesien het? -- Hy sê, van ~~[illegible]daardie~~ *huis af van daardie* bank - 6 treë.

2\. Kon jy hulle mooi sien? -- Ja.

3\. En was daar straatligte naby? -- Daar was nie.

4\. Nou, was dit nog so lig gewees dat jy kon sien of het die maan gesien? -- Daar was nie 'n maan nie.

5\. Waar het die lig vandaan gekom dat jy die mense kon sien? -- Ek het gesien dat dit mense was maar ek kon nie hulle gesigte mooi sien nie.

6\. Nou, toe jy nader gaan, was daar enige persone wat jy nog geken het? -- Nee.

7\. Uit daardie groot klomp mense, ken jy niemand nie? -- Nee.

8\. Ken jy vir Attwell Manyani? -- Nee ek ken hom gladnie, ~~ek het hom vir die [illegible] keer hier gesien.~~ *ek het hom vir die eerste keer hier gesien*

9\. En vir Mayongo? -- Ek ken hom ook nie.

10\. Ken jy enige van hierdie mense wat hier is saam met jou? -- Ja dis reg.

11\. Nou, watter van hulle ken jy? ~~-- [illegible](8), D[illegible](5),~~ *Mgweba (8) Dickson (5)* Madalambune(6).

[1]2. Is dit die enigste drie wat jy ken? -- Ja.

[13.] Nou, het enige van hulle ook gaan kla daardie aand? [--] Ek het Dickson(5) gesien.

[14. O]p watter plek is dit wat jy weggehardloop het en hom [gesi]et? het jy hom naby die rivier gesien? -- Nee.

[15. Waar] dan? -- By die rivier by die ander brug.

[16. ...] brug nou? - Ek weet nie of dit 'n nuwe brug [...]

[...]kant die rivier by die ander brug, maar nie [...]

[...]? -- *Hy weet nie of dit 'n nuwe brug is nie.* ~~-- Duskant die rivier by die ander brug - [...]e dorp nie.~~

[1]8. Die [...]

PAARL,



6 Mei 1963.

**DIE STAAT teen ACTION MAKATEZI en ANDERE.**

**MET HERVATTING OM 9.6 v.m.**

**JOHANNES BENJAMIN HOUGH:** Beëdig, verkaar:

1. **VERHOOR DEUR MNR. GIBSON:** U is in ~~Spoorweë~~ die Suid Afrikaanse Polisie gestationeer te Paarl? -- Ek is.

2. Op die 21ste November 1962 was u op diens? -- Ek was.

3. Wat was u diens daardie aand in breë trekke? -- Ek het in die aanklagtekantoor en was ook in bevel van van die aflossing buitekant.

4. Weet u van u persoonlike kennis hoeveel vangwaens in die gebied van Paarl op diens was daardie aand? -- Twee.

5. Was u in een van die vangwaens? -- Later in die nag was ek in een van die vangwaens.

6. Hoelaat, sers. Hough? -- Dit was ongeveer vanaf 3.20 vm van die 22ste gewees.

7. Dis voor die onluste begin het? -- Ja.

8. En die ander vangwa? -- Die was saam met my op diens gewees.

9. Kan u vir ons sê was daar van een of ander van die twee vangwaens ooit skote afgevuur? -- Daar was nie.

10. **KRUISVERHOOR DEUR MNR. TRAUT:** Was die vangwa waarin jy was ter enige tyd aangeval? -- Dit was u Edele.

11. Wat het gebeur? -- Ongeveer 4 vm. het ek voorgery in 'n suidelike rigting in die Hoofstraat.

12. En? -- Kort by die Alpha Garage het ek 'n aantal Bantoes voor in die pad gesien, hulle het in 'n suidelike rigting in die Hoofstraat beweeg.

13. Was hulle gewapen gewees? -- Ek kon nie wapens in die donker sien nie.

14. En toe? -- Toe het hulle my met klippe gegooi in die

**Collection Number: AD2021**

**Collection Name: Security trials, Court records, 1958-1982**

***PUBLISHER:***

*Publisher:* **Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa**
*Location:* **Johannesburg**
**©2017**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

This collection forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations (SAIRR), held at the Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.